|           | <table border="1"> <thead> <tr> <th></th> <th><u>Affiliatiegeldbedrag</u><br/>(BTW uitgesluit)</th> <th><u>Affiliatiegeldbedrag</u><br/>(BTW ingesluit)</th> <th><u>Ledetal</u></th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Platinum:</td> <td>R4 039.00</td> <td>R4 644.85</td> <td>1085</td> </tr> <tr> <td>Goud:</td> <td>R2 021.00</td> <td>R2 122.05</td> <td>394</td> </tr> <tr> <td>Silwer:</td> <td>R1 010.00</td> <td>R1 161.50</td> <td>350</td> </tr> <tr> <td>Erelede</td> <td>R1 010.00</td> <td>R1 161.50</td> <td>26</td> </tr> </tbody> </table> |  | <u>Affiliatiegeldbedrag</u><br>(BTW uitgesluit)  | <u>Affiliatiegeldbedrag</u><br>(BTW ingesluit) | <u>Ledetal</u> | Platinum: | R4 039.00 | R4 644.85 | 1085 | Goud: | R2 021.00 | R2 122.05 | 394 | Silwer: | R1 010.00 | R1 161.50 | 350 | Erelede | R1 010.00 | R1 161.50 | 26 |  |  |
|           | <u>Affiliatiegeldbedrag</u><br>(BTW uitgesluit)   | <u>Affiliatiegeldbedrag</u><br>(BTW ingesluit) | <u>Ledetal</u>   |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| Platinum: | R4 039.00   | R4 644.85                                      | 1085   |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| Goud:     | R2 021.00   | R2 122.05                                      | 394  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| Silwer:   | R1 010.00   | R1 161.50                                      | 350  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| Erelede   | R1 010.00   | R1 161.50                                      | 26   |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| (iii)     | Affiliaties word versoek om die nuutvasgestelde 2023/24-Affiliatiegeldbedrae aan hul lede deur te gee, aangesien daar van die Affiliaties is wat hul Affiliatiegelde reeds vooraf begin invorder.   | Affiliaties                                    | Inligting deurgee aan hul lede.  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| iv)       | Sodra die finale 2023/24-ledetalle, na die Rekonsiliasie van die Ledelyste wat aan die einde van Mei 2023 aan Hoofkantoor terugbesorg moet word, ontvang word sal dit dienooreenkomstig op die 2023/34-Begroting aangepas word.   | Hoofkantoor<br>L Wessels                       | Finale ledetalle na Rekonsiliasies op 31 Mei 2023  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| (4)       | <b><u>Debietordervorderings van 2023/24-Affiliatiegelde:</u></b>  | Hoofkantoor                                    | E-pos en   |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| (i)       | 'n Brief ter bevestiging van die ondergenoemde belangrike sake in verband met Affiliatiegeld en Debietordersvorderings moet deur mnr Du Toit opgestel word en per E-pos aan alle Affiliaties se Voorsitters/Sekretarisse/Sekretaresses gestuur word, asook deur me Potgieter op die <u>Whatsapp</u> -Groepe geplaas word wat aan alle die lede uitgestuur word.   | P du Toit                                      | Whatsapp aan Affiliaties en Lede in Mei/Junie.   |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| (ii)      | <b><u>Debietordervorderings van lede wie Debietorders geteken het vir die vordering van hul 2023/24-Affiliatiegelde vanaf 1 tot 3 Augustus 2023:</u></b>  |  |  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| o         | Lede wat Debietorders geteken het vir die vordering van hul Affiliatiegeld word herinner dat dit gevorder gaan word en hulle moet toesien dat daar voldoende fondse in die Bankrekening is.   | Affiliaties<br>Lede                            | Debietorder-vordering vanaf 1 tot 3 Aug 2023.  |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |
| o         | Indien daar lede is wat Debietorders het wat van Banke verander het of nuwe Bankrekenings geopen het by ander Banke, moet hulle asseblief die Hoofkantoor skakel sodat nuwe Debietorders gestuur en voltooi kan word voor 15 Julie 2023.  | Lede   | Indien Bank-besonderhede verander het kontak Hoofkantoor vir 'n nuwe Debietordervorm vir voltooiing. |  |                |           |           |           |      |       |           |           |     |         |           |           |     |         |           |           |    |  |  |

| ITEM  | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE   | UITVOERING                                    | TEIKEN-DATUM                        |
|-------|--|---|-------------------------------------|
| (iii) | <b><u>Bedank lede vir hul ondersteuning en stiptelike betaling van Affiliasiegelde:</u></b><br>Dankie vir jou ondersteuning en jou stiptelike betaling van jou Affiliasiegeld.   |   |                                     |
| (iv)  | <b><u>Maandelikse Debietorders:</u></b>  | Dagbestuur                                    | Maandelikse Debietorders ondersoek. |
|       | ▪ <b>Ondersoek deur die Dagbestuur gedoen word in verband met die Maandelikse Debietorders vir lede se Affiliasiegeldbetalings.</b>  | Dagbestuur                                    | Maandelikse Debietorders.           |
| (5)   | <b><u>Agri SA 2023/24-Affiliasiegeld:</u></b>  |   |                                     |
|       | <b>Sodra die finale 2023/24-Affiliasiegeld-aanslag van Agri SA ontvang word, sal dit in die Konsepbegroting reggestel word. Die geouditeerde ledetalle van die Provinsiale Landbou-Unies is reeds in Maart aangevra, waarna die Rekenings uitgestuur word.</b>                 | L Wessels                                     | Finaliseer 2023/24-Begroting.       |
| 9.5   | <b><u>LIDMAATSKAPKATEGORIEË:</u></b><br>'n Dokument wat die onderskeie voorgestelde Lidmaatskapkategorieë uiteensit is aan die Raad beskikbaar gestel.<br><u>Die voorgestelde Lidmaatskapkategorieë is as volg:</u><br><b><u>Agri NW se huidige Lidmaatskapkategorieë:</u></b> |   |                                     |
|       |  | <b><u>Affiliasiegeld (BTW uitgesluit)</u></b> | <b><u>Aantal Lede</u></b>           |
|       | ○ Platinum-Lidmaatskap   | R 4 039.00                                    | 1085                                |
|       | ○ Goud-Lidmaatskap   | R 2 021.00                                    | 394                                 |
|       | ○ Silwer-Lidmaatskap   | R 1 010.00                                    | 350                                 |
|       | ○ Erelede  | R 1 010.00                                    | 26                                  |
|       | <b><u>Ouderdomskategorieë / Maatskappy / BK / Trust:</u></b>   |   |                                     |
|       | ○ Maatskappy / BK / Trust  | R10 000.00                                    | 90                                  |
|       | ○ 30 tot 70 jaar   | R 4 039.00                                    | 1116                                |
|       | ○ Onder 30 en Bo 70 Jaar   | R 2 021.00                                    | 241                                 |
|       | ○ Assosiaat / Erelede  | R 2 021.00                                    | 30                                  |
|       | <b><u>Omset:</u></b>   |   |                                     |
|       | ○ Groot Boerdery (tussen R3 600 000 en R10 000000)   | R10 000.00                                    | 90                                  |
|       | ○ Medium Boerdery (tussen R1 000 000 en R3 000 000)  | R 5 000.00                                    | 558                                 |
|       | ○ Klein Boerdery (minder as R1 000 000)  | R 1 200.00                                    | 799                                 |
|       | ○ Spesiale Kategorie / Erelede   | R 1 200.00                                    | 30                                  |
|       | <b><u>Minder Lidmaatskapkategorieë:</u></b>  |   |                                     |
|       | ○ Platinum-Lidmaatskap   | R 4 039.00                                    | 1085                                |

| ITEM        | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING  | TEIKEN-DATUM  |
|-------------|---|---|---|
|             | <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Goud / Assosiaat Lidmaatskap R 2 021.00 569</li> <li>○ Erelede R 1010.00 26</li> </ul> <p><b>BESLUIT:</b></p> <p>(1) Mnre Louis Wessels en Cobus van Zyl is deur die Oudit- &amp; Risikokomitee versoek om moontlike voorstelle van Lidmaatskapkategorieë te ondersoek en aan die Algemene Raadsvergadering voor te lê vir bespreking en oorweging om oor 'n paar jaar in te fas-seer, indien daar besluit sou word om dit te wysig.</p> <p>(2) Ledewerwing bly die eerste prioriteit en Affiliasies word aangemoedig om nuwe lede te werf.</p> <p>(3) Affiliasies is self verantwoordelik om hul lede se Lidmaatskapkategorieë te kontroleer en aan te pas waar nodig, aangesien hulle die Aansoek om Lidmaatskapvorm teken en aan-bevelings doen oor die Lidmaatskap.</p> <p>(4) Affiliasies word aangemoedig om hul lede opwaarts aan te pas met die Rekonsiliasie van die 2023/24-Ledelyste wat voor einde Mei ingestuur moet word na Hoofkantoor.</p> | <p>L Wessels<br/>C van Zyl</p> <p>Affiliasies</p> <p>Affiliasies</p> <p>Affiliasies</p> | <p>Deurlopend.</p> <p>Doen met Aansoek om Lidmaatskap.<br/>Doen met Rekonsiliasie van Ledelyste</p> |
| 9.6         | <p><b><u>BYLAAG 13: KODE VIR TOELAES VIR DIE BETALING VAN REIS- EN VERBLYFKOSTE:</u></b></p> <p>(i) Die Finansiële- en Oudit- &amp; Risikokomitee het aanbeveel dat as gevolg van die hoë brand-stofpryse en die hoë verblyftariewe, die tariewe aangepas moet word.</p> <p>(ii) Die verhoogde kostes moet ook ingewerk word by die 2023/24-Begroting. Die Raad gee hul goedkeuring van die gewysigde Reis- en Verblyfkostetariewe soos voorgestel.</p> <p>(iii) Die nuwe Reis- en verblyfkostetariewe is geldig vanaf 1 Augustus 2023:</p> <p>Reiskoste: R4.10/km<br/>Verblyfkoste: R1 000/nag</p>   | <p>Hoofkantoor</p> <p>L Wessels</p> <p>Goedgekeurde R&amp;V-Tariefaan-passings</p>      | <p>Reeds gedoen.</p> <p>Reeds gedoen.</p> <p>Geldig vanaf 1 Aug 2023.</p>                           |
| 10.<br>10.1 | <p><b>HOOFKANTOORBESTUUR</b><br/><b>AGRI NW-DATUMLYS 2023</b></p>   |   |   |
|             | <p><b><u>BESLUIE:</u></b></p> <p>(1) Me Potgieter sal Agri NW se 2023-Datumlys se wysigings wat aangebring word deur-lopend deurgee aan Affiliasies.</p>  | <p>Me W Potgieter<br/>Affiliasies</p>   | <p>Deurlopend.</p>  |
| 10.2        | <p><b>REORGANISASIELYSTE</b></p> <p>Die Reorganisasielys is ingebind in die Dokumentasie op bl 16 tot 18 van die Aansoek vir gebruik deur die Affiliasies.</p>  |   |   |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE   | UITVOERING  | TEIKEN-DATUM   |
|------|--|---|--|
| (1)  | <p><b>BESLUIT:</b><br/>Affiliasies word versoek om hul Reorganisasielyste so spoedig moontlik in te dien, nadat daar gereorganiseer is. Die jaarlikse indieningsdatum van Reorganisasielyste is 23 Julie.</p>  | Affiliasies   | Jaarliks<br>23 Julie<br>deurgegee word<br>aan Hoofkantoor. |
| (2)  | <p>Agri NW stuur deurlopend belangrike kommunikasie per E-pos of <i>Whatsapp</i> aan alle Affiliasievoorsitters en -Sekretarisse/Sekretaresses, wat dit dan op hul beurt direk aan hul lede moet versend.</p>  |   |  |
| 10.3 | <p><b>KOMMUNIKASIE-TOEPASSING (APP)</b><br/>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt gee terugvoering oor die vordering met die Kommunikasie-Toepassing App. Die eerste toetsfase is gedoen in samewerking met die Dagbestuur. Die tweede toetsfase gaan aan die Voorsitters van Affiliasies gestuur word, sodra die nodige aanpassings voltooi is.</p>   | Affiliasies   | In proses.   |
| 10.4 | <p><b>GRONDWETWYSIGING:<br/>GOEDKEURING VAN GEODITEERDE FINANSIËLE STATE DEUR DIE ALGEMENE RAAD TYDENS DIE EERSTE ALGEMENE RAADVERGADERING IN OKTOBER, NA AFLOOP VAN DIE JAARKONGRES</b></p>   |   |  |
| (1)  | <p><b>BESLUIT:</b><br/>Die Algemene Raad gee hul goedkeuring dat die voorgestelde Grondwetlike verandering in die Grondwet aangebring word dat die Geouditeerde Finansiële State vir die afgelope finansiële tydens die eerste Algemene Raadsvergadering in Oktober, na afloop van die Jaarkongres, voorgelê word vir goedkeuring.</p>   | Grondwetwysiging goedkeuring van Geouditeerde Fin State deur die Algemene Raad in Oktobermaand. | 2023-Jaarkongres   |
| (2)  | <p>Die voorgestelde wysiging in Agri NW se Grondwet vir die goedkeuring van die Finansiële State deur die Kongres word as volg gewysig:<br/><b>Verwyder hierdie punt onder 6.1.6 KONGRESREËLS:</b><br/>6.1.7: Die goedgekeurde Geouditeerde Finansiële State vir die afgelope finansiële jaar moet aan die Kongres voorgelê word.<br/><b>Wysig en voeg in onder 6.2 ALGEMENE RAAD:</b></p> |   |  |
|      | <p>6.2.5: <b>MAGTE EN PLIGTE</b><br/>6.2.5.1.4.2 Die goedgekeurde Geouditeerde Finansiële State vir die afgelope finansiële jaar moet tydens die eerste Algemene Raadsvergadering in Oktober, na</p>   |   |  |

| ITEM          | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING  | TEIKEN-DATUM   |
|---------------|---|---|--|
|               | <b>afloop van die Jaarkongres, voorgelê word vir goedkeuring.</b>   |   |  |
| <b>11.</b>    | <b>AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES</b><br>Terugvoering sal gegee word op grond van die belangrikste sake wat tans aandag geniet by die onderskeie Spesialiteitskomitees.  |   |  |
| <b>11.1</b>   | <b>ARBEID EN MAATSKAPLIKE KOMITEE</b><br>Terugvoering word deur mnr Du Toit aan die Raad gegee in verband met die onderstaande sake:<br><ul style="list-style-type: none"> <li>▪ 2023-Minimum Loon: Dokumentasie is aan die Affiliasies beskikbaar gestel vir versending aan hul lede en ook op die onderskeie <i>Whatsapp</i>-groepe geplaas vir lede se kennisname / inligting.</li> <li>▪ Beroepsgesondheid en Veiligheid Opleiding. Die datum sal aan Affiliasies deurgegee word.</li> <li>▪ Konferensie: Indiensneming van buitelandse werkers. Die datum hiervan is 17 Maart 2023 by Klein Paradys te Brits om 09:00. Skakel met me Wanda Potgieter oor die bywoning daarvan.</li> </ul> <b>BESLUIT:</b><br><b>Agri NW-Hoofkantoor sal 'n Inligtingsdokument saamstel en aan die Affiliasies stuur vir verspreiding aan hule lede.</b>  | <b>Hoofkantoor<br/>Affiliasies</b>                      | <b>Inligtingsdoku-<br/>ment versprei<br/>aan lede per<br/>E-pos.</b> |
| <b>11.2</b>   | <b>KOMMERSIËLE KOMITEE</b>  |   |  |
| <b>11.2.1</b> | <b>VERVOER</b><br>Terugvoering word deur mnre Niicol Muller en Boeta du Toit gegee in verband met:<br><ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Plaaslike Padforums.</li> <li>▪ Ooreenkoms met die Provinsiale Regering vir die herstel van provinsiale paaie deur die privaat sektor.</li> </ul> <b>BESLUIE:</b><br><b>(1) Agri NW se Padprobleem Aanmeldingsvorm moet nog steeds ingedien word vir grond- en teerpaai wat nie Nasionale paaie is nie. Hierdie vorms kan by me Botha aangevra word per E-pos.</b><br><b>(2) Affiliasies word versoek om hul lede aan te moedig om Padprobleemaanmeldingsvorms van paaie waarop daar probleme ondervind word te voltooi en die Padnommer en probleme wat ondervind word moet duidelik beskryf word. Stawende bewyse soos foto's is ook belangrik en kan net die saak versterk. Stuur dit asseblief aan die Hoofkantoor na Hessie Botha by E-posadres: hessie@agrinw.co.za.</b> | <b>Hoofkantoor</b><br><br><b>Hoofkantoor /<br/>Lede</b> | <b>Deurlopend.</b><br><br><b>Deurlopend.</b>                         |
| <b>(3)</b>    | <b>Die opvolg daarvan is ook belangrik om die vordering te monitor by die Departement.</b>  | <b>Hoofkantoor</b>                                      | <b>Deurlopend.</b>   |

| ITEM   | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE   | UITVOERING           | TEIKEN-DATUM                                 |
|--------|--|----------------------|--|
| (4)    | SANRAL-App: Lede word aangemoedig en versoek om hierdie SANRAL-App of hul selfone af te laai en alle padprobleme op nasionale paaie aan te meld. Indiending /aanmelding van hierdie paaie is baie belangrik vir die Provinsie.   | Lede<br>Sanral App   | Voltooing en<br>Indiening aan<br>SANRAL.     |
| (5)    | Daar word gepoog om die Plaaslike Padforumvergaderings weer in al die onderskeie Streke op die been te bring. Dit is net nog 'n manier om druk op die Departement te sit om die paaie vinniger te herstel.   |                      |  |
| (6)    | Toestemming om te werk aan Provisislae Paaie: Agri NW-Hoofkantoor het reeds dokumentasie per E-pos uitgestuur aan die Affiliasies, vir verspreiding aan hul lede vir die voltooiing en terugsending daarvan, sodat dit aan NWK Beperk gestuur kan word en ook aan die Streeksbestuurders van die Streekkantore van die Departement van Publieke Werke gestuur kan word.  | Affiliasie /<br>Lede | Voltooi en<br>terugstuur aan<br>Hoofkantoor. |
| (7)    | Mnr Rabe word versoek om Agri NW en hul lede se dank aan NWK Beperk se Direksie oor te dra vir hul inisiatief en bereidwilligheid om te help met die skraap van grondpaaie. Daar moet klem gelê word daarop dat NWK slegs behulpsaam is met die skraap van grondpaaie en nie vir die oorbou van grondpaaie nie.  | Mnr T Rabe           | Dank oordra aan<br>NWK-Direksie.             |
| 11.2.2 | <p><b>ELEKTRISITEIT - ESKOM</b></p> <p>Mnr Boeta du Toit meld dal hul 'n vergadering met Eskom se Provinsiale Bestuurders gehou het in verband met:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Terugvoering is ontvang oor die hantering , moontlike vermindering en herskedulering van beurt-krag.</li> <li>▪ 'n Loodsprojek word beplan in 'n spesifieke area om die voorgestelde oplossings te toets met die samewerking van die verbruikers.</li> <li>▪ Sekuriteitsmaatreëls en samewerking om Eskom-infrastruktuurte beskerm.</li> <li>▪ Dienslewering en die vaardigheidsvlakke van Eskom-werknemers.</li> <li>▪ Die herlewing van die Klantediensforums word ook in die vooruitsig gestel om kommunikasie en probleemoplossings te verbeter.</li> </ul> <p><b>BESLUIE:</b></p> <p>(1) Affiliasies moet hul lede versoek om hul Elektrisiteitsprobleme aan die Hoofkantoor te rapporteer deur middel van die Klantenavraagvorm. Lede moet bewus wees daarvan dat Dispuutverklarings jaarliks ingedien moet word.</p> <p>(2) Vir enige navrae skakel: Boeta du Toit by 082 388 1722 of Naude Pienaar by 082 776 8283.</p> | Affiliasies          | Deurlopend.                                  |
| 11.2.3 | <b>VEILIGHEIDSKOMITEE</b>  |                      |  |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE   | UITVOERING  | TEIKEN-DATUM          |
|------|--|---|-----------------------|
|      | <p><u>Terugvoering is deur mnre Sarel Pretorius en Boeta du Toit aan die Raadslede gegee.</u></p> <p><b>BESLUIE:</b></p> <p>(a) Veiligheid is in vandag uiters belangrik op elke lid se plaas. Lede moet op hoogte wees van veiligheidsmaatreëls en rekordhouding is uiters belangrik om sake te kan opvolg met 'n papierspoor.</p> <p>(b) Klagtes moet deur lede ingedien word per individu as hulle jou grond onwettig betree. Betreding is die begin van beplande misdade. Die Polisie is traag en wil nie altyd optree nie. Gee die gebeure/sake ook deur aan die Hoofkantoor. Advokaat Robbertse verlang inligting sodat hy sy mening kan gee.</p> <p>(c) Gee nodige inligting deur aan Naude Pienaar of Sarel Pretorius vir enige Vervolgingsake.</p> <p>(d) Vir enige navrae of veiligheidsaangeleenthede wat in u gebied/gemeenskap plaasvind, skakel onverpoos met mnre Sarel Pretorius, Boeta du Toit of Naude Pienaar, sodat die nodige aksies geneem kan word.</p> <p>(e) Affiliasies wat nog nie ingeskakel is by Agri NW se Virtuele Inligtingsentrums nie word dringend versoek om met mnr Sarel Pretorius te skakel.</p> <p>(f) Sanral: Daar moet voldoen word aan die vereistes en Wetgewing met die oprigting van padkamas langs die Sanral-paaie. Indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie word die aan hierdie vereistes te voldoen. Hierdie inligting is deur die Hoofkantoor per E-pos uitgestuur. Die keerdatum is 30 Junie 2022.</p> <p>(g) Syntell: Dit is 'n veilige gekombineerde stesel. Verdere navrae in hierdie verband kan gerig word aan mnr Boeta du Toit by 082 388 1722 of Sarel Pretorius by 082 375 4197.</p> <p>(h) Baie belangrik!! Kamera's is nie 'n plaasvervanger vir Patrollies nie.</p> <p>(i) <u>Sanral-Kamera's:</u></p> <p>(i) Die oprigting en bestuur daarvan bly die verantwoordelikheid van die eienaar.</p> <p>(ii) Vir enige hulp in verband met die kamera's op die Sanral-paaie skakel met mnr Du Toit by 082 388 1722.</p> | <p>Affiliasies / Lede Veiligheidsverteenoordigers</p> <p>Affiliasies / Lede Veiligheidsverteenoordigers</p> <p>Affiliasies / Lede Veiligheidsverteenoordigers</p> <p>Affiliasies / Lede Veiligheidsverteenoordigers</p> <p>Indiening van Aansoeke</p> | <p>30 Junie 2022.</p> |
| 11.4 | <p><b>LANDBOU-ONTWIKKELINGSKOMITEE</b></p> <p>Mnr Hendrik Reyneke en Boeta dut Toit gee terugvoering aan die Raad vir KENNISNAME in verband met:</p>   |   |                       |
| ▪    | <p>Status van die Konsep Onteiendingswetsontwerp.</p>  |   |                       |

| ITEM   | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING  | TEIKEN-DATUM   |
|--|---|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>▪</li> <li>▪</li> </ul> <p>(1)</p> <p>(2)</p> | <p>Uitbreiding van Verblyfreg en Sosio-Ekonomiese regte van plaasbewoners.</p> <p>Bespreking oor die status en die ondersteuning van die Meladora-Appélhofsaak vir oorweging.</p> <p><b>BESLUIE:</b></p> <p><b>Affiliasies word versoek om hul lede in te lig oor die belangrikheid van rekordhouding en te sorg dat alle papawerk reg is wat noodsaaklik is vir moontlike eise soos byvoorbeeld Verblyfreg.</b></p> <p><b>Die Raad gee goedkeuring dat R100 000 bewillig word uit die Agri NW Regshulpfonds-rekening vir die befondsing van die Meladora-Hofsaakkoste.</b></p> | <p><b>Affiliasies Lede</b></p> <p><b>Goedkeuring Agri NW Regshulpfonds Bewillig R100 000 vir Meladora-Hofsaakkoste.</b></p> | <p><b>Deurlopend.</b></p> <p><b>Betaal oor wanneer dit benodig word.</b></p> |
| <p>11.5</p>  | <p><b>NATUURLIKE HULPBRONNE</b></p> <p>Mnr Van der Merwe gee terugvoering aan die Raad vir KENNISNAME.</p> <p><b>KENNISNAME:</b></p> <p>Konsepwet vir die voorsiening van water en sanitasie op privaatgrond. Ander skakeling en deelname aan vergaderings van DWS.</p>   |   |  |
| <p>11.6</p>  | <p><b>JONGBOERE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die Jongboer van die Jaarbeoordeling word op 29 en 30 Maart gedoen by die drie Jongboere, naamlik mnre Pieter Carroll van Lichtenburg, Gideon van Zyl van Agri Greater Taung en Hendrik Reyneke van Agri Molopo.</li> <li>▪ Die Jongboerkonferensie word gehou op 12 Mei 2023 te Klerksdorp by Senwes wat die Hoofborg van die Jongboerkonferensie is. Die Temas is: “Van krag tot krag!”</li> </ul>   |   |  |
| <p>13.</p>   | <p><b>AGRI NW / AGRI SA-VERSLAGDOENING</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die relevante sake van Agri NW en Agri SA is reeds onder die onderskeie Spesialiteitskomitees hanteer.</li> <li>▪ Mnr Christo van der Rheede het aangedui dat hy Februarie 2024 op Pensioen wil gaan. Die nuwe Hoofbestuurder kan dalk moontlik by die 2023-Kongres van Agri SA aangewys word.</li> </ul>   |   |  |
| <p>14.</p> <p>14.1</p>   | <p><b>BEDRYFSORGANISASIES</b></p> <p><b>NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE</b></p> <p>Mnr Boeta du Toit lewer kortliks verslag vir KENNISNAME in verband met:</p>   |   |  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>▪</li> </ul>                                  | <p><b>NWRPO ALGEMENE RAAD: VERTEENWOORDIGER:</b> Belangrik dat die Landbouvereniging se NWRPO Verteenwoordiger soos aangewys op die Reorganisasie wat aan Agri NW gestuur</p>   |   |  |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|------|---|------------|--------------|
|      | <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ word, <u>bewus is daarvan dat hy op die NWRPO se Algemene Raad dien as die betrokke vereniging se verteenwoordiger en die vergaderings moet bywoon en terugvoer moet voorsien!</u> Indien u nog nie u verteenwoordiger se besonderhede deurgegee het nie gee dit asb deur per e-pos aan <a href="mailto:info@nwrpo.co.za">info@nwrpo.co.za</a>.</li> <li>▪ <b>VLEISPRYSE:</b><br/>Die ooraanbod van vleis is te wyte aan die volgende faktore: <ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ Beurtkrag – slagpale kan nie volle kapasiteit slag nie en ook nie genoegsame voorraad dra nie. Kleinhandel kan ook nie genoegsame voorraad dra nie.</li> <li>⇒ Verbruikersbesteding.</li> <li>⇒ Bek-en-Klouseer – Sparta – swaar karkasse in die mark.</li> <li>⇒ Boere het goedkoper kalwers ingekoop tydens die Bek-en-Klouseer uitbraak.</li> </ul> </li> <li>▪ <b>DIEREGESONDHEID:</b></li> <li>▪ <b>Verslag van Bek-en-Klouseer vanaf Januarie 2023</b><br/>In Desember is 'n plaas wat 'n buurman is van 'n positiewe plaas wat nie wou inent nie en nie wou "F"-brand nie, positief getoets vir BKS. Dit is die eerste keer in November 2022 serologies getoets. 'n Hertoets is in Desember 2022 op NSP gedoen en dit is bevestig dat dit positief is vir BKS. Die plaas is in Januarie 2023 vir die eerste keer ingeënt en moet oor drie weke weer ingeënt word. Tot dusver is drie eiendomme se kwarantyn kennisgewings opgehef en die uitbreking in hulle is gesluit. Een van hulle is een van die grootste voerkrale wat geraak is. Hulle het alle diere in die voerkraal en plase in Noordwes geslag. 'n Protokol wat gevolg is voor die opheffing van kwarantyn en die her besetting van die plase is met die Departement ooreengekom. Dit is na laasgenoemde gevolg. In Desember 2022 is die eerste aantal diere van die Oos-Kaap en Vrystaat ontvang. Die diere wat aangekom het, is aan een addisionele stel toetse onderwerp wat bevoordeel is in vergelyking met die inbring van sentinel diere. Die resultate het op 28 Desember 2022 negatief teruggekom en die diere is in die voerkraal ingebring.</li> <li>▪ <b>Entstowwe</b><br/><b>Tekorte:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ Afrika-perdesiekte – tekort aan entstof.</li> <li>⇒ Perde vrek in die Oos-Kaap – dit is nou 'n dierewelsynskwessie en sal met die Minister opgeneem word.</li> <li>⇒ Bloutong;</li> <li>⇒ Slenkdalkoors; en</li> </ul> </li> </ul> |            |              |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING                              | TEIKEN-DATUM                          |
|------|---|---|---------------------------------------|
|      | <p>⇒ Knobbelvsiekte.<br/>Alhoewel daar groot infrastruktuurontwikkeling by OBP is, beteken dit niks as hulle nie entstowwe kan produseer nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ <b>Privatisering van entstofvervaardiging:</b><br/><b>Die volgende entstowwe is op 8 Maart 2023 deur Design Biologix bekendgestel:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bru-Tect S19 (G4496) is 'n gevriesdroogde entstof wat lewende verswakte Brucella abortus S19 bevat vir die voorkoming van beesbrucellose (aansteeklike aborsie).</li> <li>- Bru-Tect Rev 1 (G4497) is 'n gevriesdroogde entstof wat lewende verswakte Brucella melitensis Rev 1 bevat vir die voorkoming van skaap-/geitbrucellose.</li> </ul> </li> <li>▪ <b>LITS (LEWENDEHAWE IDENTIFIKASIE EN NASBEURBAARHEIDSTELSEL)</b><br/>Die databasis kon nog nie oorgedra word aan die onderskeie provinsies nie aangesien DALRD steeds nie die WNNR betaal het nie. 'n Dringende vergadering sal met die Direkteur-Generaal van Landbou versoek word en sal bygewoon word deur mnre. Schutte, Clack en Olivier. As die proses nie vorder nie sal dit met die Minister opgeneem word.</li> </ul> <p><b>BESLUIE:</b></p> <p>(1) <b>Veilingshuise/Abattoirs versoek word om die Vrywillige Heffings van 0,15% by alle kopers af te trek en aan die NWRPO oor te betaal. Die wat dit nie wil laat doen nie moet vooraf met die Veilingshuise reëlings daarvoor tref.</b></p> <p>(2) <b>Probleme wat by Veilingshuise ondervind word met die aftrekking van die 0,15% heffings moet aan die Hoofkantoor deurgegee word, sodat daar ernstige aandag daaraan gegee kan word.</b></p> | <p>Veilingshuise</p> <p>Affiliasies</p> | <p>Deurlopend.</p> <p>Deurlopend.</p> |
| 13.2 | <p><b>GSA</b><br/>Mnr Danie Reichel lewer kortliks verslag vir KENNISNAME:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Die GSA-Kongres was baie suksesvol. Goeie sprekers het opgetree.</li> <li>▪ Mnr Derick Mathews is weer herverkies as Voorsitter.</li> <li>▪ Nampo word hierdie jaar gehou vanaf 16 tot 19 Mei 2023.</li> </ul>  |   |                                       |
| 14.  | <p><b>AANVULLENDE SAKE</b><br/>Geen.</p>  |   |                                       |
| 15.  | <p><b>DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING</b><br/>Die volgende vergadering is geskeduleer vir 9 Junie 2023.</p>  |   |                                       |
| 16.  | <p><b>BEDANKINGS</b></p>  |   |                                       |
|      | <p>Die Voorsitter bedank die Raadslede vir hul deelname en waardevolle insette tydens vergadering. 'n Veilige terugreis word almal toegewens.</p>   |   |                                       |

# 16

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUIE  | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|------|---|------------|--------------|
| 17.  | <b>AFSLUITING EN VERDAGING</b><br>Die vergadering verdaag om 13:25. |            |              |

.....  
**VOORSITTER**

.....  
**DATUM**

.....  
**SEKRETARIS**